

Vrydag 8 Junie

Skrifgedeelte: Esra 7:1-28

Fokusgedeelte: Esra 7:27-28

## Ons bekwaamheid lê in God

God vestig hier in Esra 7 opnuut sy teenwoordigheid onder sy volk, en hierin speel Esra 'n belangrike rol. Hy was 'n boorling van die ballingskap – Esra het dus geen herinnering gehad aan Israel as land van herkoms deurdat hy daar geleef het nie. Tog is dit juis hy wat aan die voorpunt staan van die terugkeer van die oorblywende bannelinge na die land van herkoms.

Hiervoor het God hom bestem – telkens word geopenbaar dat die Here besonderlik met hom was:

- “die koning het, *omdat die hand van die HERE sy God oor hom was*, al sy begeertes ingewillig” (:6).
- “hy in Jerusalem aangekom, *omdat die goeie hand van sy God oor hom was*” (:9).
- “Toe het ek moed geskep, *omdat die hand van die HERE my God oor my was*” (:28).

Die Here het dus sy lewe gestuur en hom voorspoedig gemaak – wat hy aangepak het, was vergesel van die seën van die Here.

Esra is hier tot 'n mate “een mens tot redding van baie”, woorde wat bekend klink vanuit die Nuwe Testament: “*Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word*” (Rom. 5:19). In die Nuwe Testament ook een Mens tot redding van baie (ons), en hierdie mens is ons Here Jesus Christus.

Toepassing: Ons bekwaamheid lê in God (die hand van die Here wat in Christus oor ons is), skep daarom moed (:28) en doen met oorgawe die werk waartoe God jou bestem, en vestig so sy teenwoordigheid ook weer op hierdie dag tot sy verheerliking.  
*Sing: Psalm 128-1:1*

*Ds. HJP (Hendrik) de Beer (Magol/Koedoesrand)*